# Die Boodskap van Hoop vir Elke Mens

## Die Groot Opdrag van Jesus Christus

**Aan elke wedergebore gelowige is die opdrag gegee om die Goeie Nuus van Hom aan alle mense te verkondig.**
**(*Evangelie volgens Matteus 28:19*)**

**Hierdie is 'n praktiese gids om hierdie opdrag getrou en effektief uit te voer.**

**Opgestel deur: Petrus van der Merwe**

# Inhoudsopgawe


Bladsy

1. Inleiding 3

## Deel 1 Die sendingveld

2. Hoe God die mens gemaak het. 4
3. Hoe die wêreld lyk wat Jesus nodig het. 5

## Deel 2 Maak Dissipels

4. Wat dit beteken om dissipels te maak. 9
5. Die Evangelie wat ons moet uitdra. 9
6. Saai die saad van die Evangelie. 10
7. Beskrywing van sekere begrippe. 12
8. Hoe om die saad van die Evangelie te saai. 13
9. Gebed om Jesus as verlosser aan te neem. 18
10. Geestelike Násorg en Groei. 18

## Deel 3 Inligting oor praktiese optrede

11. Praktiese metodes hoe om mense by te staan 20
12. Gebed 21

## Deel 4 Bybelse beginsels en waarhede

13. Siekte die oorsaak en die genesing daarvan. 24
14. God is in beheer. 32
15. Hoe lyk die saad wat ek saai? 34
16. Vrees vir dit wat in die wêreld aangaan. 35
17. Ek het of gaan my redding verloor. 36

Kopiereg © PA Ministries 04/2026 39

# Inleiding.

## a) Jesus se opdrag aan ons as weergeborenes.

**Mat 28:19 AOV** *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

## b) My persoonlike getuienis oor hierdie opdrag.

Van my jeugjare af het ek skuldig gevoel, omdat ek nie hierdie opdrag uitgevoer het nie. Die rede was dat ek ’n introvert is wat nie sommer oor alles voor almal babbel nie. Verder het ek ook nie geweet hoe om die opdrag uit te voer nie; al was ek betrokke by die kerk, het ek nooit geleer hoe om dit te doen nie.

Selfs in my latere jare het ek elke keer "verdwyn" wanneer daar by die kerk gereël is, dat daar na die Sondagdiens uitreike in ’n woongebied gedoen gaan word. Daar was steeds geen vooraf opleiding nie en ek het ook nie regtig geweet hoe om vir iemand te bid nie.

Dit wat ek hieronder vertel, is gegrond op wat ek ’n paar jaar gelede op Bybelkollege geleer het, asook die praktiese kennis en ervaring wat ek tydens uitreike oor hierdie tydperk opgedoen het.

Gebruik die inligting in hierdie studiestuk om jouself gereed te maak, sodat jy jou opdrag kan uitvoer wanneer die Heilige Gees iemand oor jou pad stuur wat Jesus Christus nodig het.

## c) Almal kan uitreik.

Die feit is dat almal dit kan doen, ongeag of jy ’n introvert of ekstrovert is; jy hoef nie elke persoon wat jy op straat raakloop te evangeliseer nie. Daar is egter baie maniere om hierdie opdrag uit te voer, en jy sal selfvertroue hê wanneer jy voldoende opleiding ontvang het om dit te kan doen.

Al het ons almal die opdrag ontvang om uit te gaan en dissipels te maak, het almal nie die gawe van ’n evangelis ontvang om enige persoon voor te keer en te konfronteer oor of hy of sy gered is of nie. Dit sluit ook in dat een persoon nie alles alleen kan doen wat nodig is om ’n nuweling deur elke aspek in die kerk van Jesus te lei nie.

Elkeen van ons het ’n sekere gawe, of moontlik meer, ontvang om in Christus se Kerk te gebruik (**1 Kor 12**). Ons het egter met wedergeboorte almal Jesus se lig ontvang wat ons duidelik vir die wêreld moet laat skyn, sodat hulle dit sal kom soek. Daarom moet elkeen van ons gereed wees om van Jesus te vertel.

# Deel 1 - Die sendingveld

In die verlede het mense hoofsaaklik na afgeleë plekke gegaan om die Woord te verkondig (sendingwerk), omdat die mense rondom ons reeds van Jesus geweet het. Dinge het egter verander. Mense in ons onmiddellike omgewing het mettertyd in die wêreld verlore geraak en van Jesus vergeet; gevolglik het hul nageslag nooit van Hom gehoor nie.

In die tyd waarin ons leef, het die sendingveld vergroot om ook die mense rondom ons in te sluit. Baie het nog nie van Jesus gehoor nie of leef weens verskeie redes ver van Hom af. Dit is nie meer nodig om na ander plekke te reis om die Evangelie te verkondig nie; oral waar ons in ons eie omgewing beweeg, is daar ongeredde of verdwaalde mense wat Jesus nodig het.

Dit is belangrik dat ons hierdie mense raaksien en hulle deur ’n eenvoudige proses aan Jesus bekendstel. Dit sluit ook in om dié wat van Jesus weet, maar weggedwaal het, na Hom terug te bring. Wees altyd afhanklik van die leiding van die Heilige Gees oor waar en wanneer jy die Evangelie moet uitdra.

## 2) Hoe God die mens gemaak het.

God het ons elkeen uniek gemaak, en elkeen van ons het verskillende lewenservarings. Hierdie ondervindings is in ons lewens vasgelê en beheer hoe ons optree en reageer. Elkeen se fisiese en geestelike samestelling bevat sekere elemente wat by almal dieselfde is. Niemand kan dit verander nie, ongeag of jy in God glo of nie.

Wat ons fisiese samestelling betref, sien ons byvoorbeeld dat almal ’n hart het wat bloed – wat ons lewe is – deur die liggaam laat sirkuleer; niemand kan fisies sonder ’n hart lewe nie. Die inhoud van ons geestelike samestelling sluit die volgende aspekte in, wat direk betrokke is by ons verhouding met God en ander gelowiges:

### a) Gees, siel (emosies, denke en wil) en liggaam

God het die mens geskape wat uit drie dele bestaan: ‘n gees, ‘n siel en ‘n liggaam.

**1Tes 5:23 ANV** *Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, **na gees, siel en liggaam,** so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!*

Weens die sondeval is die gees van die nie-weergebore mens van God geskei, maar hul gees soek steeds na Hom. Diegene wat Jesus vind en as Verlosser aanvaar, se sondige gees word weergebore - ’n nuwe gees wat met God verbind is. Hulle wat God en Jesus nie vind nie, se gees bly soekend en skep mettertyd vir hulself ’n god; dit is waarom daar soveel verskillende gelowe in die wêreld is.

### a) Verhoudingsmens

Die mens is geskape om in 'n verhouding met God en ander mense te leef. Hierdie verhouding word 'n werklikheid, deur 'n Bybelse, opofferende liefde waarna die wêreld smag:

**1Joh 3:18 AOV** *My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.*

Liefde is dus 'n fisiese daad (aksie) wat ons uitvoer, en so bou ons verhoudings met ander. Dit is dieselfde met die liefde wat ons van God ontvang. Hy het Sy Seun fisies vir ons geoffer, sodat ons weer in 'n verhouding met Hom kan leef:

**1Joh 4:7-8 AOV** *Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.*

Dit is belangrik dat ons as kinders van God, Sy liefde na die wêreld uitstraal, want almal soek daarna, al erken hulle dit nie altyd nie.

### b) Mense se geestelike hart.

Soos ons fisiese hart bloed deur die liggaam pomp, is daar in ons 'n geestelike hart wat uit ons gees en siel bestaan. Ons geestelike hart weerspieël wat binne ons aangaan deur ons woorde en optrede:

**Luk 6:45 AOV** *Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is; want* ***uit die oorvloed van die hart spreek sy mond****.*

Jesus sê verder in **Joh 7:38** dat daar uit diegene wat weergebore is, strome van lewende water sal vloei. Dit beteken lewende water vloei uit die gees, wat perfek en geseël is deur die Heilige Gees (**Efs 1:13**). Die siel (denke, wil en emosies), wat nog in 'n proses van vernuwing is (**Rom 12:2**), sal weens lewenservarings steeds die geestelike hart beïnvloed, maar daar behoort 'n konstante vernuwing in die siel plaas te vind om meer soos die gees te word.

## 3) Hoe die wêreld lyk wat Jesus nodig het.

Soos reeds genoem, het God ons elkeen verskillend gemaak. Die verskillende ervarings wat in ons lewens vasgelê is, het 'n groot invloed op hoe ons optree en reageer. Die mense wat jou pad kruis, kan as volg ingedeel word:

### a) Mense wat nog nooit (of baie min) van Jesus gehoor het nie:

i) **In die Eerste Wêreld:** Die bestaan van God en die werklikheid van die geestelike wêreld is vir baie onbekend. Omdat hulle dikwels 'n gemaklike lewe lei met finansiële sekuriteit en goeie gesondheid, stel hulle nie belang nie. Wanneer hulle egter 'n geestelike laagtepunt bereik – weens verlies of ernstige siekte – begin hulle soek. Op daardie stadium bring die boodskap

van Jesus vrede. Gebed vir genesing kan hier baie kragtig wees as demonstrasie van die Heilige Gees se krag.

ii) **In die Derde Wêreld:** God en Jesus is dikwels bekend weens sendingwerk, maar daar was dikwels ’n gebrek aan behoorlike dissipelskap. Tradisionele geestelike aspekte is dikwels nog die middelpunt van hul lewens. Hulle is gewoonlik baie oop vir die Evangelie. Gebed vir genesing is hier ’n belangrike sleutel, aangesien tradisionele genesing dikwels faal en hulle baie ingestel is op die geestelike wêreld.

## b) Mense wat van Jesus weet, maar daar stop dit:

i) **Die weggedwaaldes:** Hulle het moontlik in die kerk grootgeword en elke Sondag getrou saam met hul ouers die dienste bygewoon. Nadat hulle egter die ouerhuis verlaat het, het hulle begin rebelleer omdat hulle gevoel het, dat hulle voorheen gedwing was om te gaan, sonder om ooit werklik te verstaan dat ’n persoonlike verhouding met God die kern daarvan is.

Dan is daar ook diegene wat op ’n stadium aktief by God en ’n kerk betrokke was, maar later weer weggedwaal het.

Daar is uiteenlopende redes waarom mense die pad byster raak, en dikwels stel hulle hulself eers weer oop vir God wanneer hulle ernstige krisisse beleef en wanhopig raak.

ii) **Die "af-en-toe" kerkgangers:** Hierdie mense woon dalk net een keer 'n maand 'n diens by, dikwels bloot om die predikant of pastoor "tevrede te hou," of hulle verskyn slegs tydens geleenthede soos dope, troues en begrafnisse. Hulle is onseker oor die werklikheid van die hemel of die hel, maar probeer die "agterdeur oop hou" in die hoop dat hulle tog die hemel sal beërwe indien dit sou bestaan. Omdat hulle min van die Evangelie verstaan, ontbreek 'n persoonlike verhouding met God. Soos met baie ander groepe, sal hulle hulself dikwels eers waarlik vir God oopstel, wanneer hulle ernstige lewenskrisisse beleef en besef dat hulle Hom nodig het.

iii) **Diegene wat moed opgegee het weens wettisisme:** Dit is 'n hartseer situasie, waar mense Sondag na Sondag hoor dat hulle moet ophou sonde doen, anders verloor hulle hul redding. Omdat hulle vind dat hulle steeds foute maak, laat hierdie verkeerde lering hulle moedeloos voel. Hulle verkies later om die kerk heeltemal te vermy eerder as om voortdurend gekonfronteer te word met hul tekortkominge. Jy kan hierdie mense help deur eers 'n vertrouensverhouding te bou waarbinne julle openlik oor hul stryd kan praat. Soms kan 'n persoonlike krisis ook veroorsaak dat hulle hulself verkwalik, wat 'n geleentheid skep om hulle na die ware genade van God te lei.

iv) **Diegene wat in die kerk seergekry het:** Hulle het op 'n stadium 'n slegte ervaring met iemand in die kerk gehad of is deur mense of reëls

teleurgestel wat wel liefde verkondig, maar dit nie uitleef nie. Gevolglik glo hulle dat almal in die kerk skynheilig is en verwerp hulle die Christelike geloof en Jesus self. Om hulle te bereik, moet jy eers hul vertroue wen deur 'n opregte verhouding. Daarna kan jy die ware Evangelie verduidelik en beklemtoon dat kerkleiers en lidmate gewone mense is wat foute maak, sodat hulle hul fokus kan verskuif na 'n persoonlike verhouding met God.

v) **Diegene wat kwaad is vir God:** Mense voel dikwels kwaad vir God na die verlies van 'n geliefde of as gevolg van trauma soos mishandeling, aanvalle of ander pynlike ervarings. Hierdie woede spruit gereeld uit die wanopvatting dat God alles in isolasie beheer en dat Hy kies om mense te laat ly of te laat sterf as straf vir sonde. Deur 'n verhouding met hulle te bou en hul vertroue te wen, kan jy hierdie verkeerde leringe regstel en hulle help om die ware karakter van God te leer ken, wat uiteindelik herstel bring.

vi) **Die kerklike kritici:** Hierdie groep kritiseer die kerk oor feitlik alles – van hoe geld aangewend word tot beskuldigings van skynheiligheid onder leiers en lidmate. Hulle uitsprake is dikwels vaag en dien gewoonlik as 'n verskoning om self nie betrokke te raak of verantwoordelikheid te aanvaar nie. Daar is dikwels min wat mens met redenering kan bereik, totdat hulle 'n punt in hul lewe bereik waar hul eie nood hulle dwing om na God te soek.

vii) **Die eensames en soekendes:** Die mens is geskape vir gemeenskap, maar baie mense leef buite enige betekenisvolle verhoudings. Hierdie eensaamheid skep 'n diep behoefte aan liefde en aandag. Mense in hierdie groep is dikwels baie ontvanklik vir 'n uitnodiging na 'n selgroep of kleingroep. Binne so 'n liefdevolle omgewing kan hulle mettertyd deur die Woord tot redding kom en deel word van die groter geloofsgemeenskap.

viii) **Die intellektuele ateïste en humaniste:** Baie in hierdie groep het in die kerk grootgeword en ken die Evangelie, maar hulle plaas hul eie intellek bo God se Woord. Hulle glo slegs in dit wat deur die vyf sintuie waargeneem kan word en verwerp die geestelike dimensie van die lewe. Hulle bevraagteken die foutloosheid van die Bybel en verwerp kernaspekte soos die maagdelike geboorte en die opstanding van Jesus. Omdat hulle filosofieë baie oortuigend kan klink, moet jy die Woord goed ken en versigtig wees om nie self deur hul redenering beïnvloed te word nie. In baie gevalle is dit die beste om hulle in die hande van die Heilige Gees te laat.

## c) Sioniste of die Jode wat Jesus nie as die Messias aanvaar nie:

Hierdie mense leef steeds onder die Ou Verbond en wag nog op die koms van die Messias. Hulle verwerp Jesus as die Christus en sal waarskynlik nie van standpunt verander tensy die Heilige Gees kragtig ingryp nie. Selfs diegene wat nie meer aktief hul geloof beoefen nie, bly dikwels geslote vir die

Evangelie. Wees egter altyd gereed om hulle met deernis te ondersteun wanneer hulle hulp nodig het.

**d) Jehova Getuies en ander groepe wat hulself as Christene beskou:**

Daar is sekere geloofstrome wat die Bybel aangepas het of addisionele geskrifte gebruik om hul eie leerstellings te regverdig. Die kernprobleem hier is dat menslike leringe bo God se Woord geplaas word, waardeur die ware Evangelie afgewater of selfs verwerp word. Omdat hulle vas oortuig is van hul eie reg, kan slegs die Heilige Gees hul oë open vir die waarheid. Bied ondersteuning waar nodig, maar waak daarteen om by hul dwaalleringe ingetrek te word.

**e) New Age, Oosterse en tradisionele Afrika-gelowe:**

Mense in hierdie kringe is dikwels diep betrokke by die geestelike wêreld, maar hul oortuigings is verwyder van die enigste ware God. Hulle is gewoonlik nie baie toeganklik vir die Christelike boodskap nie en is afhanklik van die werking van die Heilige Gees vir 'n ommekeer. Dit is belangrik om hulle in nood by te staan, mits jy self geestelik stewig staan sodat jy nie deur hul gebruike beïnvloed word nie.

**f) Moslems:**

Moslems volg die leerstellings van die Koran en glo in Allah en die profeet Mohammed. Hoewel baie van hulle bereid is om oor godsdiens en Jesus (Isa) te gesels, vind hulle dit moeilik om Hom as die enigste Verlosser en Seun van God te bely. Dit is egter merkwaardig hoe baie Moslems deesdae deur drome en visioene na Jesus gelei word. Wanneer dit gebeur, is Christelike ondersteuning van kardinale belang, aangesien hulle dikwels deur hul families verstoot of selfs met die dood gedreig word.

## Slotgedagte

Mense klou vas aan 'n wye verskeidenheid geloofsoortuigings. Daarom is dit noodsaaklik om self onwrikbaar vas te staan in Jesus en die leiding van die Heilige Gees te volg. Wanneer hierdie mense jou pad kruis, moet jy die lig van die Evangelie weerspieël sonder om self van die waarheid weggetrek te word.

# Deel 2 – Maak Dissipels

## 4) Wat dit beteken om dissipels te maak.

### a) Eerstens: Die Evangelie – dit wat Jesus gedoen het.

Die Evangelie moet aan die persoon oorgedra word.

**Mat 28:19 AOV** *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies,*

**Mar 16:15 AOV** *Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.*

### b) Tweedens: Doop hulle

Wanneer hulle Jesus Christus as hulle verlosser aanvaar,  glo dat Hy aan die kruis vir ons sonde gesterf het, dat God Hom uit die dood opgewek het en verstaan waaroor die waterdoop gaan, moet hulle gedoop word.

**Mat 28:19 AOV** *en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;*

**Mar 16:16 AOV** *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word;*

### c) Derdens: Hulle moet opgelei word

Die volgende stap is opleiding. Dit behels om God, Jesus en God se kinders lief te hê, God se Woord te onderhou en in die krag en leiding van die Heilige Gees te leef.

**Mat 28:19 AOV** *leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

**1Jo 5:1-5 AOV** *Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is. 2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. 3 Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie. 4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. 5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?*

**Hand 1:8 AOV** *maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.*

## 5) Die Evangelie wat ons moet uitdra.

### a) Die Evangelie

Hieronder volg 'n beknopte weergawe van die Evangelie. Daar kan op hierdie punte uitgebrei word, afhangende van die beskikbare tyd en die mense se kennis van God en Sy Woord:

i) God het die aarde en alles daarop geskep, (**Gen 1&2**).

ii) Die mens het deur Adam, wat nie na God geluister het nie, die verhouding tussen ons en God verbreek. Dit het veroorsaak dat die mensdom in 'n sondige bestaan verval het (**Gen 3**).

iii) God het Sy Seun, Jesus, aarde toe gestuur. Hy het vir ons sondes gesterf en God het Hom weer uit die dood opgewek (**Rom 6:10 & 10:9-10**).

iv) God het almal lief en wil hê dat almal van hul sondige bestaan gered moet word. Die verhouding tussen God en elkeen van ons moet herstel word (**Joh 3:16-18 & 2 Pet 3:9**).

v) God het bepaal dat die mens slegs gered kan word wanneer hy in sy hart glo en met sy mond bely dat Jesus, die Seun van God, aarde toe gekom het, sondeloos aan die kruis vir die mens se sondes gesterf het en dat God Hom weer uit die dood opgewek het (**Rom 10:9-13**).

vi) Hierdie verlossing is 'n geskenk van God aan elkeen wat dit deur geloof aanvaar. Niemand kan enigiets doen om hierdie geskenk te verdien nie, behalwe om te glo in dit wat Jesus vir ons gedoen het (**Efs 2:8-9**).

vii) Diegene wat hierdie geskenk (om te glo in dit wat God aanbied) nie aanneem nie, sal veroordeel word (**Mar 16:16**).

### b) Hoofpunte van die Evangelie

Dit is wys om ten minste hierdie verse te memoriseer sodat jy dit kan aanhaal wanneer nodig. Dit is die kern van die "saad" wat in 'n ongelowige of selfs 'n gelowige geplant moet word:

i) God het **almal lief,** ongeag wie hulle is of wat hulle gedoen het of steeds doen (**Joh 3:16-18**),

ii) God wil nie hê dat iemand verlore gaan nie (**2 Pet 3:9**),

iii) God het in redding voorsien (**Rom 10:9-13**) en

iv) Verlossing is 'n geskenk van God en kan op geen manier verdien word nie; dit word slegs deur geloof ontvang (**Efs 2:8-9**). Aanvaar dit bloot soos 'n mens 'n geskenk aanvaar.

## 6) Saai die saad van die Evangelie.

Wanneer ons aan iemand vertel wat Jesus vir die wêreld gedoen het – dat Hy aan die kruis vir almal se sonde gesterf het en dat God Hom daarna uit die dood opgewek het – saai ons die Evangelie soos saad. Jesus verduidelik deur 'n gelykenis waar die saad van die Evangelie kan val en wat daarmee gebeur:

**Mar 4:3-8 AOV** *Luister! 'n Saaier het uitgegaan om te saai.* **4** *En terwyl hy saai, het 'n deel langs die pad geval, en die voëls van die hemel het gekom en dit opgeëet.* **5** *En 'n ander deel het op 'n rotsagtige plek geval waar dit nie baie grond gehad het nie; en dadelik het dit opgekom, omdat dit geen diepte van*

*grond gehad het nie.* **6** *En toe die son opgaan, is dit verskroei; en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog.* **7** *En 'n ander deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik; en dit het geen vrug opgelewer nie.* **8** *En 'n ander deel het in die goeie grond geval, en dit het vrug opgelewer; want dit het opgekom, en gegroei, en dit het gedra: een dertig— en een sestig— en een honderdvoudig.*

Jesus verduidelik dan verder aan sy dissipels hierdie gelykenis se betekenis:

*i)* **Mar 4:14 AOV** *Die saaier saai die woord.*

Wanneer ons aan iemand die Evangelie vertel van wat Jesus vir ons gedoen het, saai ons die saad van redding. Elke persoon moet egter self die besluit neem om Jesus as Verlosser aan te neem.

*ii)* **Mar 4:15 AOV** *En dit is hulle wat langs die pad is—waar die woord gesaai word, maar sodra hulle dit gehoor het, kom die Satan dadelik en neem die woord weg wat in hulle harte gesaai is.*

Daar is mense wat die Evangelie hoor, maar besluit om dit te verwerp. Ons kan niks daaraan doen nie; al wat ons kan doen, is om te vertrou dat die saadjie diep in hul geheue gebêre word en dalk later in hul lewe sal begin groei wanneer hulle gereed is of in nood verkeer.

*iii)* **Mar 4:16-17 AOV** *Net so ook is hulle by wie op rotsagtige plekke gesaai word—wat, as hulle die woord hoor, dit dadelik met blydskap aanneem, maar geen wortel in hulleself het nie; hulle is net vir 'n tyd. Later as daar verdrukking of vervolging kom ter wille van die woord, struikel hulle dadelik.*

Hierdie mense is gered (weergebore), maar daar was geen onderrig in die Woord van God nie; met ander woorde, hulle is nie as dissipels opgelei nie. Dit beteken hulle gaan bloot aan met hul lewe soos voorheen en vergeet later die Evangelie.

*iv)* **Mar 4:18-19 AOV** *En hulle by wie in die dorings gesaai word—dit is hulle wat die woord hoor, en die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede in verband met die ander dinge kom in en verstik die woord, en dit word onvrugbaar.*

Hierdie mense is ook gered (weergebore). Hulle is aanvanklik betrokke en leer God se Woord, maar na 'n tyd dwaal hulle weg en raak verlore in die wêreld se begeerlikhede.

*v)* **Mar 4:20 AOV** *En dit is hulle by wie in die goeie grond gesaai is—hulle wat die woord hoor en aanneem en vrugte dra: een dertig— en een sestig— en een honderdvoudig.*

Dit is die mense wat weergebore is, as dissipels opgelei word en 'n standhoudende verhouding met God bou. Hulle lewe ook in die gawes van die Heilige Gees.

## 7) Beskrywing van sekere begrippe.

Ongelowiges en nuwe gelowiges gaan moontlik nie die volgende aksies of die doel daarvan verstaan nie:

### a) Die doop

Wat is die doop na weergeboorte waarvan daar in **Mat 28:19** gepraat word? Hierdie doop is die doop in water (onderdompeling). Hiermee bely die persoon wat weergebore is openlik, dat hy glo dat Jesus vir sy sonde gesterf het en deur God uit die dood opgewek is. Wanneer die persoon onder die water gaan, "sterf" hy simbolies saam met Jesus, en wanneer hy uit die water kom, staan hy saam met Jesus op in ’n nuwe lewe, skoon gewas van alle sonde.

Lees ook **Rom 6:3-10** waar Paulus die doop verduidelik.

### b) Bekering (Repentance)

Baie evangeliste fokus op die woorde van die apostel Petrus in Hnd 2:38, waar hy sê dat mense hulle moet bekeer en laat doop. Bekering beteken dat jy besef wat sonde is, dit in jou eie lewe herken, en dan die doelbewuste besluit neem, om daarvan weg te draai en daardie besluit uit te voer. (Sien die gelykenis van die verlore seun in **Luk 15:11-21**).

Baie mense besef aanvanklik nie wat alles as sonde beskou word nie – met ander woorde, dit wat teen God se wil is nie. In verskillende kulture is daar dikwels gebruike waarmee mense grootgeword het, soos poligamie of die aanbidding van ander geeste. Hierdie regstellende kennis word gewoonlik eers tydens die proses van dissipelskap aangeleer, wat juis beklemtoon waarom dissipelskap so noodsaaklik is.

As ons kyk na Jesus se woorde in **Mar 16:15-16** en **Joh 3:16-18**, is dit duidelik dat geloof in Hom die belangrikste stap is. Wanneer ons in Jesus as ons Verlosser glo, word ons weergebore. Dit beteken dat ons gees nuut gemaak word, hoewel die vernuwing van ons siel (ons denke en kennis) ’n lewenslange proses is wat volgens **Rom 12:2** nooit ophou nie.

Met weergeboorte ontvang ons ook die Heilige Gees (**Joh 14:17**), wat ons leer wat ons moet weet (**Joh 14:26**) en ons deur ons gewete beïnvloed. Daar is talle getuienisse van mense wat voorheen in sondige praktyke vasgevang was, maar na hul weergeboorte onmiddellik die begeerte verloor het om daarmee voort te gaan.

### c) Maak dissipels

’n Dissipel is ’n volger van Jesus Christus; hy laat sy sondige lewe in die wêreld agter en lewe nou in Christus. In **Mat 28:19** gee Jesus die opdrag om uit te gaan en dissipels te maak. Dit begin deur mense te vertel wat Jesus aan die kruis gedoen het. Wanneer hulle Jesus as Verlosser aanneem en weergebore

word, moet ons hulle verder leer wat Jesus ons beveel het en wat God van ons verlang.

## 8) Hoe om die saad van die Evangelie te saai.

Jesus en die Evangelie moet die sentrale punt wees wanneer jy uitgaan om die goeie nuus aan ongeredde mense te verkondig, of om mense met probleme te ondersteun – selfs al weet hulle reeds van Jesus. Baie mense het nooit die volle waarheid van wat Jesus vir ons gedoen het, ontvang of verstaan nie.

Moenie uit eie krag en wysheid die saad probeer saai nie; jy benodig die ondersteuning van die Heilige Gees. Vra God daarom gereeld vir leiding en wysheid. Daar is ’n verskeidenheid metodes om die Evangelie uit te dra, en die keuse sal afhang van die omstandighede waarin jy jouself bevind.

### Metodes en riglyne wat gevolg kan volg:

### a) Algemeen.

i) Praat altyd positief oor die liefde van Jesus (Hy wil ’n verhouding met elkeen hê) en moenie negatief of met veroordeling optree nie (vermy uitsprake soos: "Julle gaan hel toe omdat julle nie glo nie").

ii) Moenie op sonde konsentreer deur vir mense te sê hulle moet eers hul sonde laat staan voordat hulle Jesus kan aanneem nie. Hulle kan gered word terwyl hulle nog foute maak. Wanneer die Heilige Gees in hulle woon, sal hulle self ontdek dat sonde nie meer "lekker" is nie. Vir meer inligting hieroor kyk weer na **punt 7(b).**

iii) Laat die lig van Jesus deur jou skyn; mense sien dit raak en dit maak hulle ontvanklik omdat hulle ook na daardie lig smag.

iv) Die Heilige Gees raak die persoon aan wanneer hy of sy die Evangelie hoor, maar die persoon moet self die besluit neem. Die grond waar die saad val, punt 6.

v) Getuig – vertel wat Jesus in jou lewe beteken en doen. Vir meer leiding hieroor kyk na **punt 8(b)**.

vi) Wees ingestel op verskillende kulture en hul gebruike. Vir meer inligting kyk na **punt 8(c).**

vii) Vra God vir leiding elke keer wanneer Hy iemand oor jou pad stuur.

viii) Leer om fyn ingestel te wees op die Heilige Gees sodat jy kan help wanneer Hy jou waarsku dat iemand in nood is.

### b) Hoe om jou eie getuienis te gebruik.

Getuienisse van wat in jou eie lewe gebeur het, of selfs vertellings van wat met ander gebeur het, is uiters kragtig. Dit bemoedig mense deur aan hulle te wys dat dieselfde wonderwerke ook in hul eie lewens moontlik is.

Pragtige voorbeelde van getuienisse kan in die Woord gevind word:

- In **Luk 8:39** lees ons van die man wat deur Jesus van demone bevry is en daarna teruggestuur is om te getuig van alles wat God vir hom gedoen het.
- In **Joh 4:28-30** sien ons hoe die vrou van Samaria in haar dorp gaan getuig het oor alles wat Jesus van haar geweet en aan haar vertel het.

Jou getuienis behels nie net jou bekering nie; dit kan ook gaan oor finansiële voorspoed, genesing, beskerming, seëninge of besondere ervarings met God.

Gebruik die volgende riglyne vir jou getuienis:

- **Dit is nie ’n selfbejammeringsessie nie:** In Engels word daar dikwels gesê dit is ’n *"testimony"*, nie ’n *"testi-moany"* nie.
- **Fokus op God se goedheid:** Jou getuienis moet God se liefde, genade en seën in jou lewe beklemtoon sodat dit ander kan bemoedig.
- **Vermy selfgesentreerdheid:** ’n Getuienis moet nie die fokus op jouself, jou ellende of die intensiteit van jou stryd plaas nie, maar eerder op God se uitkoms.
- **Wees bondig met die agtergrond:** Noem slegs die feite wat nodig is om die situasie te verstaan; moenie in elke klein detail van jou storie verlore raak nie.
- **Skryf dit vooraf uit:** Dit help jou om jou gedagtes te orden en te besluit wat belangrik is. Hoewel jy dit nie noodwendig so sal voorlees nie, verseker dit dat jou storie impak het. Lang, uitgerekte vertellings laat mense aandag verloor.
- **Berei verskillende weergawes voor:** Stel jou getuienis so op dat jy ’n volledige weergawe van ongeveer 10 minute kan gee, maar ook ’n vinnige weergawe van een of twee minute vir korter geleenthede.
- **Dit is jou unieke storie:** Jou getuienis behoort aan jou en niemand kan die waarheid van jou ervaring van jou wegneem nie.
- **Elke storie het krag:** Of jou getuienis nou dramaties of minder indrukwekkend klink, dit bly kragtig en Heilige Gees sal dit gebruik.  Jy weet nooit presies wat die persoon voor jou se behoefte of agtergrond is nie.
- **Bou geloof by ander:** Gebruik ’n getuienis wat van pas is vir die spesifieke situasie, selfs al vertel jy iemand anders se storie om die nodige bemoediging te gee.
- **Moenie huiwer nie:** Onthou dat God jou na daardie persoon toe gestuur het. Jou woorde kan presies dit wees wat die ander persoon op daardie oomblik moet hoor.

- **Moenie oordryf nie:** Vermy dit om dieselfde getuienis oor en oor vir dieselfde persoon te vertel. Dit kan irriterend raak en mense negatief instel teenoor jou boodskap.
- **Vertrou op God:** Onthou dat God jou gebruik en dat die Heilige Gees jou sal lei in wat jy moet sê.

## c) Uitreik na verskillende Afrika-kulture.

Net soos mense van mekaar verskil, leef hulle in uiteenlopende kulture met hul eie unieke gebruike. Indien jy mense werklik wil bereik, is dit noodsaaklik om hulle binne die konteks van hul eie kultuur te respekteer. Daarom is dit tydens die voorbereiding vir ’n uitreik belangrik om te bid vir die nodige insig en deernis ten opsigte van die mense na wie jy gaan.

**Praktiese aspekte om ingedagte te hou:**

i) **Die belangrikheid van groet:** Om te groet is baie belangrik en dit sal vir die gemeenskap baie positief wees indien jy hulle in hul eie taal groet.

ii) **Ervaring met besoekers:** Neem in ag dat dit moontlik jou eerste keer is dat jy uitreik, maar dat die mense moontlik al gewoond is aan besoekers wat hulle wil beïnvloed om Jesus as Verlosser aan te neem.

iii) **Jou ingesteldheid:** Respekteer die mense; jou ingesteldheid teenoor hulle word baie vinnig opgetel. Maak seker dat jy nie meerderwaardig, hoogmoedig, bang of as ’n "beter-weter" voorkom nie. Gaan uit met ’n bereidheid om te dien en Jesus te verteenwoordig.

iv) **Vooraf navorsing:** Doen navorsing oor die kultuur en gewoontes van die mense wat besoek gaan word. Voorbeelde hiervan is:

(1) Mans en vrouens word nie altyd gelyk behandel nie,

(2) Kleredragvereistes waar die Woord bedien word (bv. mans in langbroeke en baadjies, en vroue in rokke, knieë toe).

(3) Vereistes van staatsinstansies, soos by grensposte. Moenie in vakansiedrag by die grens opdaag nie; moulose bloese of knieë wat wys, mag jou toegang ontsê of moeilik maak.

v) **Kultuurskok:** Dit is ’n werklikheid, veral as jy ’n ander land besoek. Wees realisties oor wat beskikbaar is en wat die mense se omstandighede is.

vi) **Siening van armoede:** Al besit hulle minder as jy, beteken dit nie dat hulle arm is nie. Hulle leef steeds ’n gelukkige en gesonde lewe. Jou "normaal" is nie hulle "normaal" nie. ’n Inkomste wat vir jou min lyk, is vir hulle moontlik meer as voldoende.

vii) **Emosionele betrokkenheid:** Moenie emosioneel by mense en hul omstandighede betrokke raak nie; hou die doel van jou besoek in gedagte.

viii) **Hantering van geld:** Vermy dit om geld saam met jou te neem tydens ’n

uitreik. Sommige mense mag probeer om geld te kry, sodra hulle merk dat jy hulle jammer kry.

ix) **Welwillendheid:** Dit is belangrik om welwillendheid te bewys deur ’n geskenk as uitreikgroep saam te neem (bv. ’n sak meel). Gee skenkings aan die leier of stamhoof om in die gemeenskap te versprei.

x) **Toepaslike voorbeelde:** Wanneer jy van Jesus leer, moet jy in ag neem dat hulle moontlik nie lopende water, elektrisiteit of voertuie het nie. Hulle sal nie voorbeelde verstaan wat daarop gebaseer is nie. Vind maniere uit hul eie leefwêreld om die boodskap te verduidelik.

xi) **Veiligheid en etiket:** Onthou om altyd ten minste twee persone saam te wees (verkieslik een man en een vrou). Mans bedien mans en vroue bedien vroue.

xii) **Gebed met handoplegging:** Laat die persoon hul eie hand op die area lê wat aangespreek word en plaas jou hand bo-op hulle s’n. Jy kan ook bloot jou hand uitsteek na die persoon soos die Gees jou lei.

xiii) **Kommunikasie deur ’n tolk:** Praat in kort sinne sodat die tolk kans kry om dit oor te dra. Dit is moeilik om ’n lang relaas te onthou en dan te vertaal. Gee die tolk tyd om die regte woorde in hul taal te vind.

**Geestelike bediening in die hierdie kulture:**

i) Vir almal, of hulle reeds met Jesus bekend is of nie, moet die redding deur Jesus verduidelik word en die geleentheid gegee word om Hom as Verlosser aan te neem..

ii) Die boodskap kan in ’n storievorm oorgedra word met vrae tussenin om die gehoor se aandag te hou, hulle te laat deelneem en om beter begrip te verseker. Daar is kulture wat baie goed binne ’n vertel- of storiekultuur funksioneer.

iii) Indien daar siekte is, kan daar vir genesing gebid word. Genesing vind in amper elke geval plaas as gevolg van hul bestaande kennis van en geloof in die geestelike wêreld.

iv) Die geestelike aspekte waarmee hulle grootgeword het, sal nie dadelik reggestel kan word nie; dit gebeur slegs deur dissipelskap en die werking van die Heilige Gees.

v) Wanneer hulle Jesus as hul Verlosser aanvaar, moet daar verseker word dat hulle dissipelskap ontvang en by ’n kerk inskakel. Sonder hierdie opvolg mag hulle dalk bloot voortgaan met hul lewe in duisternis.

## d) Diegene wat die Heilige Gees oor ons pad bring.

Die Heilige Gees gaan mense van alle kulture oor jou pad bring. Daar sal altyd ’n rede daarvoor wees. Hierdie redes – van desperaatheid oor ’n probleem tot

die dood van ’n geliefde – maak die pad oop om die Evangelie aan hulle te bring.

Vra die Heilige Gees daagliks om jou oë oop te maak wanneer Hy ’n persoon oor jou pad stuur. Wanneer dit gebeur, onthou die volgende:

i) Vra die Heilige Gees vir leiding.

ii) In alle gevalle wanneer jy met die persoon kontak maak, moet jy eers stil wees en luister na wat hulle sê. Jy kan versigtig vrae vra om agter te kom wat hul siening of behoefte is.

iii) Moenie hul sienings aanval of dadelik probeer regstel nie. Indien daar byvoorbeeld finansiële probleme is, probeer om hulle te help om sover moontlik self in hul behoeftes te voorsien, maar moenie dadelik net geld uitdeel nie; wees oordeelkundig.

iv) Moenie vir hulle preek nie. Begin versigtig om uit die Woord leiding te gee wanneer die tyd reg is. Dit kan voorafgegaan word deur jou eie getuienis.

v) Indien moontlik bou eers ‘n verhouding met die persoon voor jy begin evangeliseer.

## e) Skattejag is ‘n manier van evangelisasie.

Hier gaan jy en ’n groep persone as ’n span uit (werk altyd in ’n groep van twee of drie saam) na ’n plek waar daar baie mense is, byvoorbeeld ’n inkopiesentrum of ’n vlooimark.

Die proses werk soos volg:

i) Voordat julle die terrein betree, bid elkeen en vra die Heilige Gees om iemand uit te wys wat hulp nodig het. Gewoonlik vra jy vir leidrade, soos die tipe of kleur klere en wat die persoon se probleem moontlik is.

ii) Nadat elkeen seker is dat hulle ’n woord ontvang het en julle dit met die spanlede gedeel het, loop julle die terrein binne en soek na ’n persoon wat voldoen aan die leidrade wat ontvang is.

iii) Wanneer julle iemand vind, nader die persoon en vra of julle ’n oomblik met hom of haar kan praat en dan verduidelik jul missie of doel.

iv) Indien die persoon positief antwoord, vertel dat die Here hom of haar aan jou uitgewys het en gee die woord wat jy ontvang het. As jy nie ’n spesifieke woord ontvang het nie, vra of daar iets is waarvoor julle kan bid. Volg dan verder die Heilige Gees se leiding.

v) Indien die persoon negatief antwoord, vra verskoning dat julle gepla het en stap weg.

vi) Indien jy nie ’n persoon vind wat aan die leidrade voldoen nie, begin weer van vooraf.

Hierdie tipe uitreik vra baie selfvertroue, sowel as geloof en vertroue in die Heilige Gees.

## 9) Gebed om Jesus as verlosser aan te neem.

Wanneer iemand gereed is om Jesus as sy of haar Verlosser aan te neem, moet die volgende in gedagte gehou word:

a) **Redding is 'n geskenk**

Ons kan niks fisies doen om gered te word nie, redding word deur geloof ontvang as 'n geskenk wat God aan ons voorsien.

**Efs 2:8 AOV** *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;*

b) **Glo en bely**

Al wat God van ons verlang om redding te ontvang, is om in ons hart te glo en met die mond die Here Jesus te bely, en dat ons glo God het Hom uit die dood opgewek.

**Rom 10:9-10 AOV** *As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.*

### Die volgende is 'n voorbeeld van 'n gebed wat gebruik kan word:

*Dankie Vader dat ek na U kan kom.*

*Soos U in u woord verlang, verklaar ek nou dat ek in my hart glo en nou ook met my mond bely dat Jesus my Here en Verlosser is en vir my sonde aan die kruis gesterf het en dat U Hom daarna uit die dood opgewek het.*

*Dankie Vader ek ontvang nou deur geloof die verlossing deur U genade wat U aan my beskikbaar gemaak het.*

*Amen*

Verseker die persoon dat hy of sy gered is, nadat daar vir verlossing gebid is, want God belowe dit in Sy Woord.

**Rom 10:13 AOV** *Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.*

## 10) Geestelike Násorg en Groei.

Wanneer jy besig is om 'n verhouding met iemand op te bou, moet jy sensitief wees vir die leiding van die Heilige Gees oor wanneer die persoon aan 'n selgroep of die groter kerkgemeenskap voorgestel moet word.

Die verskillende vlakke binne 'n kerkgemeenskap sluit in:

## a) Selgroepe.

Selgroepe is klein, en daarom kan 'n persoon daar dikwels gemakliker en meer geliefd voel as in die groter kerkgroep. Dit moet 'n plek wees waar hy in veiligheid vrylik oor sy probleme kan praat, sonder om bang te wees dat dit na die buitewêreld versprei sal word. Dit is belangrik dat elke selgroep en groepleier opgelei is om vir 'n nuweling 'n veilige hawe te bied en hom verder te lei in sy verhouding met God en ander gelowiges.

## b) Groter kerkbyeenkomste.

i) **Spesiale opleiding:** Binne die groter kerk word die nuweling verder in die Woord van God onderrig. Dit help hulle om sekerheid te ontwikkel oor hul geloof en die volle omvang van hul lewe as kind van God te geniet. Hierdie opleiding sluit aspekte in soos die vervulling met die Heilige Gees, die werking van die Heilige Gees, asook die ontdekking en gebruik van geestelike gawes. Die opleiding moet so deeglik wees dat ’n gelowige daarna self kan uitgaan om die Evangelie te versprei.

ii) **Samekomste en eredienste:** Dit behels deelname aan die groter groep waar almal saam God aanbid, onderrig ontvang en hul gawes aanwend om mekaar te dien.

## c) Evangelisasie buite eie bedieningsgebied van jou plaaslike kerk.

Wanneer jy iemand lei tot weergeboorte, maar dit is nie moontlik om die persoon by jou eie kerk betrokke te kry nie, is dit belangrik om by die persoon aan te dring om ’n plaaslike kerk te vind waar hy of sy versorg en geleer kan word. Bid saam met die persoon dat die Heilige Gees hulle na die regte gemeente sal lei, en volg gereeld op totdat die persoon ’n geestelike tuiste gevind het.

# Deel 3 – Inligting oor praktiese optrede.

Die volgende punte is inligting wat jou kan help om mense te help wat oor jou pad gaan kom.

## 11) Praktiese metodes om mense by te staan.

Dit is basies onmoontlik om iemand op te lei om elke situasie wat teëgekom kan word, te hanteer. Maak staat op die Heilige Gees vir leiding; Hy sal die nodige leiding gee  en Skrifgedeeltes in jou herinnering bring om te gebruik.

Ongeag of 'n persoon weergebore is of nie, is dit belangrik dat jy hulle hanteer volgens dit wat op daardie stadium in hul hart aangaan. Dit maak dit moontlik om tot hulle deur te dring en werklik te help.

Mense wat hulp benodig, is gewoonlik emosioneel. Die eerste stap is om hulle aan die praat te kry sodat hulle kan ontlaai en kalmeer. Dit sal jou terselfdertyd die kans gun om inligting te bekom oor wat presies aangaan of gebeur het. Wanneer die persone kalm is — wat heel moontlik eers na ’n tydjie sal wees — kan jy begin om leiding te gee. Gebed is belangrik; vra daarom of jy vir hulle mag bid.

Indien jy nie 'n opgeleide pastorale berader is nie, moet jy versigtig wees om probleme te hanteer wat eerder deur 'n kundige aangespreek moet word. Wanneer kwessies soos huweliksprobleme, mishandeling of molestering verkeerd hanteer word, kan dit die skade of seer vererger en selfs landswette kan onwetend oortree word. Kry in sulke gevalle eerder hulp van 'n kundige. Dit beteken nie dat jy nie ondersteuning in die vorm van gebed en 'n simpatieke oor mag bied nie, maar moenie spesifieke raad of optrede voorstel wanneer die probleem eintlik deur 'n professionele persoon hanteer behoort te word nie.

Die volgende is 'n paar praktiese metodes of voorbeelde van hoe om mense by te staan wanneer hulle probleme ondervind:

### a) Afsterwe van iemand na aan die persoon.

Iemand wat ’n familielid aan die dood afgestaan het, is in skok – selfs al was dit te wagte weens ’n lang siekbed. So ’n persoon moet saggies en met opregte omgee benader word. Gedurende die eerste tydperk sit jy bloot en luister na hul hartseer; hulle wil dikwels niks hoor nie, en niks wat jy sê sal werklik op daardie oomblik by hulle inslag vind nie.

Na ’n tydperk, wat dalk eers na ’n paar dae is, kan jy stadig begin om die waarheid met hulle te deel. Weens die verkeerde lering dat dit God is wat mense doodmaak, is dit belangrik om die korrekte waarheid oor te dra, soos verduidelik in **punt 14,** hieronder.

### b) Diagnose van ‘n ernstige siekte van die persoon self of ‘n nabye familielid.

Weereens is die persoon waarskynlik in skok en sien ’n moeilike tyd, of selfs die dood, voorlê. Net soos met die afsterwe van ’n familielid, moet jy die persoon saggies hanteer en beskikbaar wees om te luister sonder om dadelik te antwoord of raad te gee. Gebed vir die vrede van God en ondersteuning is hier van groot belang.

Na verloop van tyd sal jy stadig kan begin om vir die persoon meer perspektief oor die hantering van die probleem te gee. Dit is belangrik om vas te stel of die persoon weergebore is of nie; indien nie, begin om hulle met versigtige oortuiging te lei om daaraan aandag te gee.

Die proses vir die hantering van siekte word hieronder in **punt 13** behandel

### c) Iemand wat finansieel geval het of sukkel:

Wanneer iemand alles verloor het, luister aanvanklik maar net en bied aan om saam met hulle te bid.

Later kan jy begin om vrae te vra, soos waarom hulle dink dit gebeur het. Die antwoord sal heel moontlik wees dat hulle nie weet nie, of hulle sal iemand anders beskuldig. Deur verdere vrae kan jy hulle lei om vir hulleself duidelikheid te kry oor die werklike rede waarom dit gebeur het. Voorbeelde hiervan is die swak hantering van personeel, klante of medewerkers, of om in die verkeerde besigheid of beroep te wees.

Lei hulle na die Here sodat hulle op Hom kan staatmaak vir die pad vorentoe, en help hulle om hul werklike doel te ontdek, soos wat die Here dit vir hulle beplan het.

Vir mense wat met 'n maandelikse finansiële tekort sukkel, kan jy hulle ook lei om te kyk na hoe hulle hul inkomste spandeer. Maak hulle op hulleself staat of op God? Is hulle in die regte beroep of besigheid?

**Punt 15**, later in hierdie dokument, spreek die uiters belangrike beginsel van saai en oes aan. Dit sluit alles in wat jy doen: van hoe jy mense hanteer tot hoe jy jou finansies bestuur.

Ons sal moontlik nooit weet waarom iemand voortydig gesterf het of waarom iemand ’n spesifieke beproewing moet deurloop nie, maar God mag nooit die skuld daarvoor kry nie. God is ’n goeie God wat ons liefhet, en Hy belowe om ons te beskerm (sien **punt 16**).

## 12) Gebed

Baie mense is nooit geleer hoe om te bid nie en is gevolglik bang om hardop vir iemand anders te bid. Gebed is ’n gesprek met God; dit kan ook gesien word as ’n interaksie tussen God en ons onder leiding van die Heilige Gees. Enigeen kan bid – gaan sit net, begin met God praat en luister ook wanneer Hy antwoord.

Om meer prakties te wees, kan 'n gebed as volg ingedeel word. Dit is nie 'n wet nie, maar bloot 'n voorstel om dit vir jou makliker te maak wanneer jy bid:

**a)** Vra die Heilige Gees om jou te lei – **Rom 8:26-27**.

**b)** Begin om God te prys, want Hy is groot bo alles – **Heb 13:15, Ps 104**.

**c)** Dank God vir Sy goedheid vir alles wat Hy vir jou doen – **Kol 3:17, Efs 5:19-20**.

**d)** Vra dan vir God om jou te help met jou probleem – **Joh 14:13-14, Joh 15:7-8**.

**e)** Sluit af om God te dank vir dit wat Hy nou vir jou gaan doen en glo dit – **Mat 21:22, Mar11:24**.

## Daar is verskillende tipe gebede:

**a) Gebed van berou en belydenis (repentance and confession)**

**Luk 18:13 ANV** *En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig!*

**1Jo 1:9 ANV** *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*

Hierdie is die gebed wanneer die Heilige Gees ons (deur ons gewete) waarsku dat ons iewers verkeerd opgetree het. Dit beperk ook die duiwel se invloed in ons lewe wanneer ons ons foute erken en vergewing van God vra.

**b) Gebed van opbouing (edification)**

**Jud 1:20 ANV** *Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees.*

'n Gereelde gebed vir jouself en ander vir opbouing in die geloof en die Christelike lewe.

**c) Gebed van bemiddeling/voorspraak (intercession)**

**1Ti 2:1&2 ANV** *In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.*

**Rom 10:1 ANV** *Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding.*

Hierdie gebede word oor en oor vir ander gebid, byvoorbeeld vir die land of vir die genesing van 'n persoon in sy afwesigheid.

**d) Gebed met 'n versoek en/of smeking (petition)**

**Joh 15:16 AOV** *Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.*

**Mar 11:24 ANV** *Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra,* ***glo*** *dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.*

Bid hierdie gebed een keer vir 'n spesifieke saak vir jouself, en glo dat God onmiddellik gegee het wat jy gevra het. Om dit oor en oor te vra, kan 'n teken van ongeloof wees (dat jy nie glo God het dit reeds gegee nie). Daarna, totdat die antwoord manifesteer, dank jy God bloot dat Hy reeds aan jou versoek voldoen het. Voorbeelde hiervan is gebed vir siekte, finansies, ens.

**e) Gebed van ooreenstemming/bevestiging (agreement)**

**Mat 18:18-19 ANV** *Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.*

**Mar 8:22-25 ANV** *En Hy het in Betsáida gekom, en hulle het 'n blinde man na Hom gebring en Hom gesmeek om hom aan te raak. Hy neem toe die blinde by die hand en lei hom uit buitekant die dorp; en nadat Hy in sy oë gespuug en hom die hande opgelê het, vra Hy hom of hy iets sien. En hy kyk op en sê: Ek sien die mense, want ek sien hulle soos bome rondloop. Daarna lê Hy weer die hande op sy oë en laat hom opkyk, en hy is herstel en het almal van ver af duidelik gesien.*

Jy bid 'n gebed van bevestiging wanneer 'n versoek aan God gerig is, maar die manifestasie daarvan nog nie sigbaar geword het nie. Jesus belowe dat God dadelik gee wanneer ons vra, maar die duiwel kan die uitkoms van die gebed probeer blokkeer (**Dan. 10:12-14**). In 'n gebed van bevestiging dank jy God vir byvoorbeeld genesing, en spreek dan die genesing direk aan in Jesus se Naam. Hierdie gebede kan herhaal word tot die uitkoms verkry is.

**f) Gebed van lofprysing (praise)**

**Mat 21:16 ANV** *en sê vir Hom: Hoor U wat hulle daar sê? En Jesus antwoord hulle: Ja, het julle nooit gelees: Uit die mond van kinders en suigelinge het U vir U lof berei nie?*

**Psa 100 ANV** *Juig voor die HERE, o ganse aarde! Dien die HERE met blydskap; kom voor sy aangesig met gejubel. Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide. Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam. Want die HERE is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.*

Prys God oor en oor; dit beïnvloed jou ingesteldheid en bou jou geloof op. Prys God dat Hy vir jou gegee het wat jy gevra het, selfs al kan jy dit nog nie sien nie. Die duiwel haat lofprysing aan God, veral as hy die blokkasie is wat verhoed dat jy ontvang.

# Deel 4 – Bybelse beginsels en waarhede

Die duiwel probeer altyd om onwaarhede oor God aan die mens op te dis, met die uitsluitlike doel om die mens teen God te laat draai of om die las om God te volg, so moeilik as moontlik te maak.

Baie van hierdie onwaarhede is oor die eeue heen in die Kerk ingevoer. Ongelukkig sien of verstaan baie geestelike leiers dit nie, of hulle wil dit nie erken nie. Dit veroorsaak dat baie mense teen God draai, omdat ’n goeie God nie "so iets" sou toelaat nie, of sou toelaat dat ons met ’n onnodige las soos siekte hier op aarde moet lewe nie.

Die volgende is van die mees algemene onwaarhede wat vandag oor God verkondig word. Wanneer dit oor jou pad kom, kan jy as volg daarop antwoord:

## 13) Siekte - die oorsaak en die genesing daarvan.

Waarmee die mens die meeste sukkel in vandag se lewe, is gesondheid. Gaan staan maar net by ’n apteek en kyk met hoeveel medisyne mense daaruit stap.

**Belangrik:** God gee nie vir ons siektes om ons **te straf** vir ons sondes nie. Hy gebruik ook nie siekte om ons **te toets** of om vir ons **lesse te leer** nie.

Dit wat ek hierna beskryf, gaan nie almal geval nie. Die mens vermy dit dikwels om eienaarskap te neem vir die probleme wat hulle ondervind, maar ongelukkig is dit nodig om ’n selfondersoek te doen om uit te vind waarom ’n mens siek is.

### a) God se waardestelsel vir die mens.

God het die menslike liggaam ontwerp om op ’n sekere manier goed te funksioneer, en die mens kan dit nie verander nie. Dit is ’n geestelike wet van God. Hierdie ontwerp is dieselfde vir almal en dit is goed, want God maak nie foute nie en doen nie halwe werk nie.

**Gén 1:31 AOV** *Toe sien God alles wat Hy gemaak het, **en—dit was baie goed**.*

Almal kan liggaamlik en geestelik gesond wees tot op ’n hoë ouderdom. Ons eie keuses kan egter veroorsaak dat ons liggaam en gees nie werk soos God dit beplan het nie. Wanneer dit gebeur, noem ons dit siekte of ’n geestelike probleem.

### b) Hoe kan die mens sy liggaam of siel beïnvloed?

#### i) Ons eetgewoontes en dit wat ons eet of drink:

Die liggaam ontvang stowwe uit die kos wat ons eet; om van ’n gesonde dieet af te wyk, kan die liggaam benadeel. Voedsel word vandag dikwels vir die massamark geproduseer op maniere wat dalk nie so voedsaam is as wat ons nodig het nie, maar God sê vir ons:

**1Ti 4:3-5 ANV** *Hulle* [dit is dwaalleraars] *verbied mense om te trou en om*

*bepaalde soorte kos te eet. Maar God het die voedsel gemaak,* ***sodat dié wat glo en tot die kennis van die waarheid gekom het, dit met danksegging kan gebruik****. Alles wat God gemaak het, is immers goed.* ***Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie, want dit word deur die woord van God en deur die gebed geheilig****.*

Dit is waarom ons altyd voor ons eet, God dank vir die kos en vra dat dit geseën word in ons liggame. Dan weet ons dat die kos die nodige voeding sal gee, want God sal daarvoor sorg. Dieselfde geld vir wat ons drink. Ons drink water in die geloof dat God dit sal seën. Koffie, tee, koeldrank of alkohol is nie op sigself ’n probleem nie, solank dit gebalanseerd gebruik word; in oormaat is dit egter negatief vir die liggaam.

Die hoeveelheid wat ons eet, het 'n direkte invloed op die liggaam. Ons liggaam is ontwerp om aan sekere vereistes te voldoen om goed te funksioneer, en dit sluit ons gewig in. Wanneer jy ondergewig is, kry die liggaam nie genoeg van die stowwe wat dit nodig het nie. Wanneer jy oorgewig is, kry die liggaam weer meer stowwe as wat nodig is, en dit wat oortollig is, word byvoorbeeld in vet omgesit.

In beide gevalle is dit negatief vir die liggaam en kan dit wanfunksionering veroorsaak wat tot siektes lei. 'n Voorbeeld hiervan is dat die hart by oorgewig harder moet werk om die bloed deur die liggaam te sirkuleer, wat die hart negatief beïnvloed. Daar is baie siektes wat deur oorgewig veroorsaak word en wat voorkom kan word indien jy jou voedselinname beheer, beide wat betref die hoeveelheid en die soorte kos.

Kortom, jou liggaam waarsku jou wanneer dit iets nodig het, soos kos of drinkgoed, maar waarsku jou ook wanneer dit genoeg gekry het. Dit beteken jy moet ophou eet wanneer jy versadig is, en veral water drink wanneer dit warm is of wanneer jy begin sleg voel.

**ii) Fisiese oefening:**

Oefening is nodig, maar daar moet ’n balans wees. Te veel oefening kan gewrigte en spiere beskadig en kan selfs verslawend wees weens die adrenalien wat vrygestel word. Te min oefening is ook nie goed nie, aangesien dit help om die liggaam soepel te hou en oortollige stowwe te verbrand.

**iii) Nodige rus vir die liggaam en siel:**

Die liggaam en siel (brein/bewussyn) is ontwerp om elke dag vir ’n sekere tyd (6–8 uur) te rus. Daar is nie so iets soos dat ’n mens net twee of drie uur slaap nodig het nie..

As ’n mens kyk na die lengte van die nag wat God gemaak het, is dit gemiddeld tussen 8 en 12 uur, afhangende van die seisoen en waar op die aarde jy jou bevind. Dit is die tyd wat God voorsien het vir ons om te rus. Enige afwyking van hierdie voorskrifte oor langer tydperke gaan die

gesondheid van die liggaam en siel ernstig benadeel, veral op die mens se geestelike vlak.

**iv) Lewe van spanning ook genoem stres:**

God het elkeen uniek ontwerp en het vir elkeen ’n doel hier op aarde. Hy het verder vir elkeen die regte talente gegee om hierdie werk of doel vir Hom uit te voer. Wanneer jy dus dinge op jouself begin laai wat God nie vir jou beplan het nie, gaan daar spanning in jou opbou omdat jy sukkel om suksesvol te wees. Die algemeenste voorbeeld is wanneer jy in die verkeerde werk is en nie kan byhou nie of nie jou werk geniet nie.

’n Ander vlak van spanning, is jou bekommernis (vrees) oor dit wat om jou gebeur; by die huis, in jou omgewing, jou land en die wêreld. Al hierdie soorte spanning gaan jou liggaamlik en geestelik negatief beïnvloed, met gesondheidsprobleme wat sal volg. Niemand kan oor ’n lang tydperk in spanning lewe sonder om die een of ander siekte te ontwikkel nie.

Al wat jy hieraan kan doen, is om eerstens God se doel vir jou te bepaal en dan daarmee voort te gaan. Met alles wat om jou gebeur, kan jy slegs jou vertroue in God plaas om jou te beskerm. Kyk minder TV, en luister of lees minder nuusberigte. Lees eerder meer in God se Woord en laat die wêreld se probleme aan Hom oor om te hanteer.

**v) Sonde wat ons doen of ons voorgeslagte gedoen het:**

Wanneer daar beweer word dat siekte deur sonde veroorsaak word, wil niemand dit hoor nie en mense gryp dadelik na **Joh 9:2-3**, waar Jesus sê dat die man wat blind gebore is, se gebrek was nie as gevolg van sy of sy ouers se sonde nie. Daar is egter baie Skrifgedeeltes waar Jesus iemand gesond gemaak het en terselfdertyd hul sonde vergewe het (soos in **Joh. 5:2-14, Mar. 2:5-12, Mat. 9:2-7**, ens.).

Beskou ook die brief van Jakobus:

**Jak 5:14-16 AOV** *Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.* 15 *En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig.* ***Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.*** 16 ***Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.*** *Die vurige gebed van ‘n regverdige het groot krag.*

Die laaste gedeelte van vers 15 wys dat siekte aan sonde gekoppel kan word, en vers 16 koppel siekte weer direk aan sonde. Nie alle siektes is die gevolg van sonde nie; soos ons vroeër gesien het, kan liggaamlike en geestelike siekte ook voorkom wanneer ons nie binne God se waardestelsel vir die mens lewe nie.

In **1 Joh 1:8-9** word gesê dat ons steeds sal sondig nadat ons weergebore

is, maar as ons dit bely, sal God ons vergewe. Dit beteken dat ons steeds verkeerde dinge gaan doen na weergeboorte, maar as ons hardnekkig daarmee voortgaan en nie terugdraai na God toe nie, verloor ons Sy seën – want God kan nie sonde seën nie. Om buite God se seën te lewe, beteken dat ons buite Sy beskerming is, wat die duiwel toegang gee om ons direk aan te val, waarvan siekte een metode is (**Jak. 1:14-15 & Rom. 6:16**).

Die duiwel val jou aan deur jou siel (jou gedagtes). Hy vertel vir jou leuens of hits jou aan om jou gedagtes van God af weg te neem. Jou gedagtes, veral as jy die hele dag daaroor tob in plaas daarvan om te vertrou, kan jou liggaam so beïnvloed dat siektes fisies kan manifesteer.

’n Voorbeeld hiervan is onvergewensgesindheid teenoor iemand wat iets verkeerd aan jou of aan ’n naasbestaande gedoen het. Wie is jy om nie te vergewe nie, ongeag wat die persoon gedoen het? God het immers al jou sondes vergewe deur Jesus wat vir jou sonde gesterf het. Hierdie onvergewensgesindheid veroorsaak spanning in jou wat aan jou vreet soos kanker, en jy kan heel moontlik eindig met siekte wat jou lewe kan vernietig.

Ander voorbeelde van siekte of probleme wat ons oor onsself bring sluit in:

(1) Die gebruik van dwelmmiddels en dit wat jy doen wanneer jy onder die invloed is,

(2) Dronkbestuur en ‘n ongeluk wat moontlik kan gebeur waar jy en ander dood kan wees of geskend vir die res van jou of hulle lewe,

(3) Wilde lewe van vrye seks met baie ander en eindig met geslagsiektes of VIGS.

Die slotsom is: of jy weergebore is of nie, jy dra die gevolge van jou dade – wat jy saai, sal jy oes.

Wanneer dit kom by kinders wat gestrem gebore word of ernstige siektes soos kanker kry, wonder mense hoekom dit gebeur. Een ding is seker: God is nie daarvoor verantwoordelik nie. Hy maak nie foute nie en straf nie onskuldige kinders nie. Voorbeelde van faktore wat 'n kind se gesondheid kan beïnvloed, sluit in:

(1) ’n Ma wat baie alkohol tydens swangerskap gebruik, kan veroorsaak dat die kind met fetale alkoholsindroom gebore word.

(2) ’n Ma wat dwelmmiddels gedurende swangerskap gebruik, kan ernstige afwykings by die baba veroorsaak.

(3) ’n Ma wat nie gesond eet tydens swangerskap nie, kan daartoe bydra dat die baba voedingstekorte ervaar en nie korrek ontwikkel nie.

(4) Terwyl babas in die baarmoeder is, is hulle ontvanklik vir dit wat oor en van hulle gesê word, wat ’n invloed op hul ontwikkeling kan hê. Dit word nou ook deur die mediese wetenskap bevestig.

(5) Ouers wat nie behoorlik na hul kinders omsien nie – deur swak voeding, ’n gewelddadige huishouding, verwaarlosing of mishandeling – gaan nie ’n kind help om liggaamlik en geestelik normaal te ontwikkel nie.

Niemand behalwe God weet wat in die geheim of in die verlede gebeur het nie. As jy nie weet waarom jou kind 'n sekere "vloek" of las dra nie, vra die Heilige Gees vir insig. Ons besef nie altyd hoe groot die invloed van ons of ons voorgeslagte se optrede op ons kinders is nie. Ons weet egter ook dat Jesus alle vloeke aan die kruis gedra het. As weergeborenes is ons vry van die vloeke van die verlede, en as ouers staan ons in vir ons kinders totdat hulle oud genoeg is om self verantwoordelikheid vir hul lewens te neem (**Gal. 3:13**)

## c) Genesing van siekte

Elkeen wat ’n siekte het, kan genees word. Jesus het vir ons sonde sowel as ons siekte gesterf.

**1Pe 2:24** AOV *wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; **deur wie se wonde julle genees is**.* (**Jes 53:4-5**)

Jesus se offer aan die kruis het ons vrygemaak van ons sonde en ons siektes. Die frase "*deur wie se wonde julle genees **is***" gebruik die woord **'is'** om aan te dui dat dit reeds afgehandel is — dit het klaar gebeur. Dit beteken dat wanneer ons weergebore is, ons vry van enige siekte behoort te wees. Hierdie genesing is reeds beskikbaar in die geestelike ryk; ons moet dit bloot vanuit die geestelike ryk na die fisiese werklikheid hier op aarde bring.

### i) Jesus het vir ons outoriteit gegee:

**Mar 16:17-18 ANV** *‘Die **volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam** sal hulle bose geeste uitdrywe; in ander tale sal hulle praat; 18 met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; **hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word**.”*

Wanneer ons Jesus se Naam gebruik, sal ons wondertekens kan laat plaasvind en siekes die hande oplê sodat hulle gesond kan word.

**Jak 5:14-16 AOV** *Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. **Die vurige gebed van ‘n regverdige het groot krag**.*

Gebed het enorme krag. Hierdie twee gedeeltes maak dit weereens duidelik dat ons bonatuurlike genesing deur gebed kan ervaar en dat sondes vergewe sal word. As jy egter twyfel of onseker is, sal jou gebed

geen effek hê nie.

Glo wanneer jy bid! Volgens **Mar 11:23-24** moet jy glo en vertrou, of dit nou vir jouself of vir iemand anders is:

**Mar 11:24 ANV** *Daarom sê Ek vir julle:* ***Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het****, en dit sal vir julle so wees.*

**ii) Hoe om hierdie mag aan te wend?**

Noudat ons weet dat ons bonatuurlike mag deur Jesus ontvang het om te kan doen wat Hy hier op aarde gedoen het, is die vraag: hoe wend ons hierdie mag prakties aan?

(a) Bepaal eerstens wat die persoon vir wie jy gaan bid se verwagting is. Is dit slegs vir die genesing van een spesifieke probleem, of vir algehele genesing van alle probleme? Genesing word dikwels nie ontvang vir dit waarvoor die persoon nie self genesing begeer nie.

(b) Daar kan hande op die persoon gelê word, maar dit is nie 'n vereiste wanneer ons vir iemand bid nie.

(c) Dank God vir Sy liefde vir die persoon en Sy voltooide werke aan die kruis.

(d) Spreek die probleem direk aan. Beveel die probleem in Jesus se Naam om die liggaam te verlaat. Gebied dit wat verkeerd is om te herstel en in lyn te kom met God se Woord (Skrifgedeeltes kan ook hier gebruik word)

**iii) Voorbeeld van 'n gebed vir genesing:**

*Dankie Vader vir U liefde, dat U [persoon se naam as dit slegs een persoon is] so lief het.*

*Dankie Jesus, U het vir ons sonde en siekte aan die kruis gesterf het,*

*Ons weet dat U, [persoon se naam] 'n gesonde lewe wil laat geniet,*

*Ons spreek nou die probleem (gewrig wat pynlik is of wat ook al) aan, om algeheel te herstel, (spiere, ligamente kom inlyn, pyn, swelsel en kneusings herstel nou), in Jesus se Naam. Amen*

**iv) Toets vir verandering**.

Voeg 'n daad by die geloof. Indien die gewrig nog seer is, bid gerus weer. In die begin kan hierdie proses intimiderend wees. Neem alles in ag wat jy geleer het, en vra God en die Heilige Gees om jou te lei en te beskerm. Oefen dit gerus eers op jouself; 'n hoofpyn is een van die maklikste kwale om mee te begin. Oefen in 'n veilige omgewing saam met mense wat verstaan waaroor dit gaan.

**v) Beskerming teen die duiwel.**

Bid ook vir beskerming teen die aanslae van die bose vir jouself en jou gesin. Wanneer ons God se werk doen, sal daar teenkanting kom, en ons weet nie altyd presies waarmee ons te doen gaan kry nie.

**vi) Etiket.**

Dames bedien dames en mans bedien mans; as dit nie moontlik is nie, behoort daar verkieslik twee persone te wees wat saam bedien. Dit is om jou te beskerm teen moontlike aantygings en om probleme met die gereg te vermy.

Wees versigtig waar jy jou hande oplê. Laat die persoon verkieslik hul eie hand op die betrokke area plaas, of raak slegs aan die persoon se hand of skouer.

**vii)Die ander moontlike weg wat ook gevolg kan word.**

God het ons elkeen uniek gemaak, en ons geloof kan soms beperk hoe ons bonatuurlike genesing ervaar. God sal ons egter altyd op ons eie geloofsvlak ontmoet. Daarom, as jy werklik glo dat jou rugprobleem slegs deur 'n operasie herstel kan word, dan sal dit vir jou so wees. Geen genesing kan egter ontvang word, indien jy glo dat jy ongeneeslik siek is nie.

Verder is dit belangrik om nie die siekte as jou eie toe te eien nie — byvoorbeeld deur te praat van "my kanker" nie. Dit is nie jóú kanker nie! Dit is die duiwel wat siektes bring. Selfs al het jy dalk onwetend hiertoe bygedra, byvoorbeeld deur 'n wrok te koester wat die siekte geaktiveer het, het die duiwel geen plek waar God se lig skyn nie.

**viii) Optrede na genesing of selfs voor jy genesing ontvang**

Wanneer jy bonatuurlike genesing ontvang het, of selfs terwyl jy nog op pad is daarna, moet jy vasstaan in die geloof dat jy genees is! Weerstaan die duiwel indien jy weer enige simptome begin voel of as dit nie dadelik weggaan nie.

Verder kan jy nie verwag om gesond te word of te bly (afhangende van waar jou geloof staan) indien jy nie ook die sake hanteer waaroor jy wel beheer het nie:

(1) **Soek die oorsaak van die siekte:** Elke siekte het 'n oorsaak, byvoorbeeld 'n lewenstyl van rook, 'n swak dieet of oorgewig.

(2) **Maak veranderinge:** Neem stappe om die oorsaak van die siekte te verwyder. Verander jou lewenstyl deur byvoorbeeld minder te eet, op te hou rook of te begin oefen.

(3) **Hanteer sonde:** Wanneer daar sonde betrokke is, moet jy ophou daarmee. Bely dit teenoor God en vra om vergifnis (**1 Joh. 1:8-9**).

(4) **Gebruik die nagmaal:** Omdat die liggaam van Jesus vir ons gebreek is, kan ons daagliks die nagmaal gebruik (soos medisyne) om ons geloof vir genesing te versterk wanneer ons met siekte sukkel.

(5) **Let op jou woorde:** Moenie siekte of die vrees vir siekte oor jouself uitspreek nie, want dan trek jy dit aan. Die duiwel gebruik jou woorde teen jou en kan nie wag om jou aan te val nie.

**Voorbeelde van wat om nie te spreek nie en wat om te spreek:** "Dit is nou die draai van die seisoen, so ek gaan beslis weer verkoue kry," of "Almal om my kry COVID, so ek gaan dit seker ook kry.".

Spreek eerder uit dat jy nie siek sal word nie en sny daardie negatiewe gedagtes af. Bou so jou geloof en maak seker jou liggaam is sterk genoeg om enige siekte teen te staan deur reg te eet en vitamiene in te neem, indien jou voeding nie in al jou behoeftes voorsien nie.

**Baie belangrik:** Nadat jy genees is, moet jy eers deur jou dokter gesond verklaar word, en slegs die dokter mag enige medikasie staak.

**ix) 'n Opsomming uit die boek 'The Healing Door' van Greg Mohr.**

Daar is vroeër genoem dat Jesus reeds aan die kruis vir ons siektes gesterf het; ons moet slegs ons genesing vanuit die geestelike ryk na die fisiese werklikheid bring. Hier volg 'n kort opsomming van hoe om dit te doen:

- Maak seker jou geloof in Jesus is standvastig, opreg en ernstig.
- Wees honderd present oortuig van alles wat Jesus se opofferings en bloed betaal het, dat die beloftes ook jou erfenis is en bid met oortuiging.
- Verstaan God se liefde en dat Hy net die beste vir jou begeer.
- Maak jou hart skoon van alle seer, bitterheid en onvergewensgesindheid. Vergewe ook jouself en God.
- Sien jouself gesond in jou verbeelding, glo dit.
- Jy is in 'n geestelike oorlog, glo en vertrou aggressief. Hou jou gedagtes en woorde positief en gebruik jou outoriteit.
- Moet nie toelaat dat die natuurlike omstandighede jou onderkry nie. Staan op Jesus se beloftes en die Woord, wees geduldig en hou aan glo.
- Vermy negatiewe mense, omring jou met mense wat glo, God se Woord spreek en jou bemoedig.
- Hoor en doen wat God sê.
- Moet nie ingee of rustig raak as daar 'n deurbraak is nie, dis dan wanneer daar teen geestelike aanvalle gewaak moet word.
- God is getrou en genesing is beskikbaar, staan sterk, bekom kennis, bely sondes, rus voldoende, bly geduldig en staan aanvalle van die bose teë.

# 14) God in beheer.

Jy gaan dikwels die volgende hoor: "God het my man doodgemaak," "God het my kanker gegee om my te straf," "God het toegelaat dat my kind gemolesteer word," "God het toegelaat dat ek aangeval en beroof word," of "God gebruik die duiwel om my aan te val deur my groot verliese te laat ly sodat ek al my geld verloor het," ens.

God word dikwels verantwoordelik gehou vir alles wat met 'n mens gebeur, maar die Skrif sê vir ons presies die teenoorgestelde:

**Spr 19:3 NLV** *"'n Mens se eie dwaasheid ontwrig jou lewe, dan verkwalik jy nog die Here daarvoor."*

Wie ontwrig jou lewe? Jou eie dwaasheid.

Verder sê Jesus vir ons:

**Joh 10:10 ANV** *Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.*

Die duiwel wil ons verwoes, veral as ons weergebore is, terwyl Jesus vir ons 'n lewe van oorvloed wil gee. Die duiwel laat ook nie die kans verbygaan om ons dood te maak nie, want ons is 'n gevaar vir hom en kan ander na Jesus toe lei.

## God se natuur en waarom Hy nie daarvan afwyk nie:

### a) God laat ons nie verkeerde dinge doen nie

**Jak 1:13-14 ANV** *Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: "Ek word deur God versoek" nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie.* ***Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep****.*

Dit is dus my eie vleeslike, sondige natuur wat my op loop neem. My weergebore gees is sondeloos, maar my siel en vlees kort nog baie werk.

### b) God straf my nie vir verkeerde dinge wat ek doen nie.

Jesus is ons voorbeeld. Hy sê vir ons in:

**Joh 5:19 AOV** *Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.*

As ons kyk na wat Jesus gedoen het, sien ons dat Hy net gedoen het wat Hy die Vader sien doen het. Hy het mense liefgehad en almal gesond gemaak. Hy het nooit gesê iemand se sonde is te groot om gesond gemaak te word nie. Hy het ook nie die Fariseërs of Skrifgeleerdes met siekte of ongeluk gestraf omdat hulle nie wou luister nie.

c) **God het almal lief**

Net soos 'n ma haar kind liefhet en die beste vir hom of haar wil hê, so het God elkeen van ons nog meer lief, ongeag wie ons is of wat ons gedoen het (**1 Joh. 4:8-10**).

d) **God beheer nie elkeen se optrede nie**

God het ons 'n eie wil gegee om self te besluit wat ons wil doen; ons is nie marionette in Sy hand nie. Net soos 'n ma wat dikwels niks kan doen wanneer 'n kind 'n verkeerde koers inslaan nie, keer God ons ook nie wanneer ons van Hom af wegdwaal nie. Ons het 'n vrye keuse.

Dit bring ons terug by die vraag: Waarom laat God slegte dinge soos die molestering van 'n kind toe? God kan nie inmeng met mense se besluite en optrede nie, selfs al is dit boos. Waar sou God die streep moes trek wat "slegte dinge" betref? Is sommige van ons eie optredes nie dalk ook "sleg" in Sy oë nie? God beloof wel dat Hy ons sal beskerm (**2 Pet. 2:9 & Spr. 30:5**), maar die vraag is: Glo ons dit en vra ons Hom daagliks om ons en ons kinders te bewaar?

e) **God straf ons nie wanneer ons die verkeerde pad inslaan nie**

God het reeds ons sondes — verlede, hede en toekoms — deur Jesus vergewe:

**Heb 10:10 & 14 AFR20 (10)** *Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, **eens en vir altyd**.* **(14)** *Want deur een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak."*

Ons weergebore gees is sondeloos en heilig, maar ons siel en liggaam kort nog werk tot op die dag wat ons sterf. God wys ons wel tereg — nie deur strawwe soos siekte nie, maar deur Sy Woord en die Heilige Gees wat ons deur ons gewete waarsku:

**2Tim 3:16-17 ANV** *Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.*

f) **Wanneer ons die verkeerde pad kies, verloor ons God se seën en beskerming**

Wanneer jy jou eie begeertes volg wat nie van God is nie, kan Hy nie dit waarmee jy besig is seën nie. Hy kan jou ook nie beskerm teen die natuurlike gevolge daarvan nie:

**Jak 1:14-15 ANV** *Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.*

Deur weg te beweeg van God af, kry die duiwel die kans om ons aan te val (**Joh. 10:10**). Elke besluit het 'n gevolg, en as dit teen God se wil is, kan ons

Hom nie verkwalik as ons probleme optel nie. Dit is die geestelike wet: wat jy saai, sal jy maai.

## 15) Hoe lyk die saad wat ek in my lewe saai?

Die maklike verklarings wanneer dit nie met ’n mens goed gaan nie, is dat God jou toets, of jou straf vir dinge wat jy verkeerd doen, of jou leer hoe om dinge anders te doen. Hierdie verklarings is verkeerd. Die oorsaak van die meeste van ons probleme — byvoorbeeld verhoudingsprobleme, siekte, ’n tekort aan finansies, hoe ons ander mense behandel, ens. — is as gevolg van dit wat ons oor onsself bring deur dit wat ons daagliks saai.

Die Skrif sê vir ons die volgende oor die koninkryk van God en die saad wat ons saai:

**Mar 4:26-29 AOV** *En Hy het gesê: So is die koninkryk van God, soos wanneer ‘n mens die saad in die grond gooi; en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot—hoe, weet hy self nie. Want vanself bring die aarde vrug voort, eers ‘n halm, dan ‘n aar, dan die volle koring in die aar. En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is.*

Net soos ons bv. fisies koringsaad moet saai om koring later te kan oes, so is daar ook geestelike saad wat mens saai en later daarvan oes.

God het hierdie geestelike beginsel, ook genoem ’n geestelike wet, daargestel en niemand kan hierdie wet ontduik nie. Dit het ’n invloed op elke faset van ons lewe en gaan oor alles wat ons doen en sê.

Maak nie saak of ons ’n weergebore Christen, ’n ateïs, of ’n volgeling van ’n ander geloof is nie; hierdie beginsel is op almal van toepassing. Net soos God natuurwette daarstel (soos gravitasie wat op almal op aarde van toepassing is), het God ook geestelike wette daargestel wat vir almal geld.

Wanneer ons byvoorbeeld geld gebruik binne hierdie wet van God, kom dit daarop neer dat jy ’n bedrag vir God se werk gee en daarvan vergeet. Oor tyd ontvang jy egter baie meer terug, sonder dat jy weet presies hoe dit gebeur het. Die saad het gegroei tot dit gereed was om teruggegee te word.

**Die saad wat ons saai, kan in die volgende verdeel word:**

**a) Die woorde wat jy spreek.**

Wees versigtig met wat oor jou lippe kom, is dit opbouend of breek dit af?

**Spr 18:21 AOV** *Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.*

**b) Dit wat jy fisies doen – jou aksies.**

Jou aksies sluit onder meer in: tree jy eerlik en opreg op, kan mense jou vertrou, en hoe spandeer jy jou geld?

**Kol 3:25 AOV** *Maar wie onreg doen, sal die onreg wat hy gedoen het, terug ontvang; en daar is geen aanneming van die persoon nie.*

**Spr 22:8-29 AOV** *Wie onreg saai, sal onheil maai; en die stok van sy grimmigheid sal verdwyn. Wie vriendelik is, hy word geseën, omdat hy van sy brood aan die arme gee.*

Solank dit nie oor jouself gaan nie, maar oor ander, is die saaiing positief en sal jy positiewe vrugte terugontvang. Selfs ongelowiges oes positief terug wanneer hulle positief saai, byvoorbeeld wanneer hulle aan die armes gee.

c) **Die hoeveelheid wat jy saai:**

Saam met die tipe saad wat jy saai, gaan dit ook oor die hoeveelheid. Jou oes sal in verhouding wees met hoeveel jy saai.

**2Ko 9:6 AOV** *Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai.*

Dit beteken nie dat jy al jou geld moet saai sodat jy daarna 'n tekort het nie, of dat jy al jou tyd moet spandeer om ander te dien ten koste van jou eie gesin en gesondheid nie. Daar is altyd 'n balans, soos Paulus dit in **2 Kor 8:2, 3, 12 en 13** verduidelik oor hoe jy ander moet help sonder om jouself tekort te doen.

In **2 Kor 9:10** sien ons dat God ons brood én saad gee: brood om te eet en saad om te saai. Dit beteken ons moet die deel "eet" wat God vir ons voorsien het, en die deel "saai" wat Hy vir daardie doel geoormerk het.

Hierdie is in kort die wet van saai en oes. Daar kan nog baie daaroor gesê word, maar die belangrikste is dit: dit wat jy sê of doen — is dit tot opbou of tot vernietiging van diegene wat betrokke is?

## 16) Vrees vir dit wat in die wêreld aangaan.

Wanneer 'n mens na die wêreld kyk, sien ons niks wat goed is nie, byvoorbeeld.

- Daar is geweld teen mense, haat teen verskillende mense-groepe word aangeblaas deur leiers.
- Daar is geen respek vir wet en orde nie; elkeen wil sy eie sin kry — of dit nou reg of verkeerd is — en indien nodig, met geweld.
- Daar is oorloë aan die gang.
- Daar is siekte en peste wat ons bedreig.

Individueel kan ons niks doen om dit wat in die wêreld gebeur te verander nie, maar ons kan ook nie op 'n hopie gaan sit en wag vir Jesus se koms of om dood te gaan nie. As weergeborenes moet ons:

a) **Die Evangelie van Jesus aan die wêreld vertel sonder vrees, soos die Skrif ons leer:**

**2Tim 1:7-9 AOV** *Want God het ons nie* ***'n gees van vreesagtigheid gegee nie****, maar van* ***krag en liefde en selfbeheersing****.* ***Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here*** *of oor my, sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkinge vir die Evangelie na die krag van God wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, ......*

b) **Nie in vrees lewe of bekommerd wees oor wat met ons gaan gebeur nie, want die Skrif sê vir ons:**

**Fil 4:6-7 AOV** *Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.* ***En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.***

**Jes 41:10 AOV** ***Wees nie bevrees nie,*** *want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.*

**Rom 8:31** AOV *Wat sal ons dan van hierdie dinge sê?* ***As God vír ons is, wie kan teen ons wees?***

**1Pet 5:7 AOV** ***Werp al julle bekommernis op Hom****, want Hy sorg vir julle.*

Waar kan ons meer rus en vrede vind te midde van alles wat om ons en met ons gebeur, as in hierdie bevestiging en bewys dat God na ons, as Sy weergebore kinders, sal omsien en ons sal beskerm?

Staan vas in geloof en saam met die Heilige Gees, indien dit oor ons pad kom dat ons ter wille van Jesus se Naam moet ly (**Mar. 13:9-11**). Alle mense, of hulle gered is of nie, moet besef dat daar net een plek is om bonatuurlike vrede te ervaar, en dit is in onbeperkte vertroue in God..

## 17) Ek het my redding verloor (of gaan dit verloor)

Die vraag kom dikwels op: "Ek glo en bely dat Jesus vir my sonde gesterf het en dat God Hom uit die dood opgewek het, so ek is gered; maar kan ek weer hierdie redding verloor deur dinge wat ek doen?" Baie mense voel verlore omdat hulle glo hulle het hul redding verloor en dat God nie meer in hulle belangstel nie.

Kom ons werk deur die redding wat voorsien word deur God se genade en wat ontvang word deur geloof**:**

- **God het Jesus aarde toe gestuur om vir almal se sonde te sterf**:

  **1Joh 2:2 AOV** *En Hy* [Jesus Christus] *is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie,* ***maar ook vir dié van die hele wêreld****.*

- **Die wêreld is nie outomaties gered nie; daar is meer betrokke:** Die mens ontvang die boodskap van redding (die saad) en die Heilige Gees laat die saad ontkiem, maar die mens moet uiteindelik self die besluit neem om te glo en te verklaar dat Jesus vir sy sonde gesterf het en deur God uit die dood opgewek is.

**Rom 10:9-10 AOV** *As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.*

- **Wanneer die mens hierdie aksie neem word sy gees nuut gemaak (weergebore) en hy is nie meer verlore nie**:

  **Joh 3:16 AOV** *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het,* ***sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie****, maar die ewige lewe kan hê.*

  Dit is egter net God en die betrokke persoon wat weet of hy werklik **ernstig** was met die belydenis en werklik weergebore is.

- **Die mens se siel word nie outomaties verander met redding nie:** Die siel — wat die verstand, wil en emosies is — moet vernuwe word deur die Woord en dissipelskap.

  **Rom 12:2 AOV** *En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*

  Indien die persoon nie die Woord begin lees en deur ander geleer word wat God se wil is nie, gaan hy bloot voort met sy lewe soos hy nog altyd gelewe het; hy gaan nie van beter weet nie.

## Beteken dit nou die mens is volmaak na hy weergebore is?

Soos reeds gesê, die mens se gees is nuut gemaak met weergeboorte en geseël deur die Heilige Gees –

**Efs 1:13 AOV** *in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het,* ***verseël is met die Heilige Gees*** *van die belofte,*

Die mens se gees is nuut gemaak, God se saad is in die gees, en die gees kan nie meer sondig nie:

**1Jo 3:9 AOV** ***Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie****, omdat* ***sy saad in hom bly****; en hy kan nie sondig nie, want* ***hy is uit God gebore****.*

God sê egter die mens sal steeds sondig solank hy op aarde is:

**1Jo 1:8 AOV** *As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.*

Dit beteken die siel (en liggaam) gaan steeds sondig solank die mens op aarde is, maar die gees kan nie sondig nie (**Ef. 1:13**). Die Woord sê verder dat Christus een maal vir altyd vir die mens se sonde gesterf het:

**Heb 9:11-12 AOV** *Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie*

*met die bloed van bokke en kalwers nie,* ***maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring****.*

Israel moes gereeld diereoffers vir hul sonde bring, maar Christus se offer was slegs een maal vir altyd nodig. Is hierdie offer slegs vir sondes tot en met weergeboorte, of ook vir sondes daarna? Die mens sal nie volmaak wees op aarde nie (**1 Joh. 1:8**), maar Christus se offer het reeds al die sonde vir altyd weggeneem.

Die probleem is egter wanneer die mens weer sonde doen, maak hy homself weer oop vir invloed van die duiwel en kan dit lei tot aanval op die liggaam; bv siekte en die dood van die liggaam hier op die aarde –

**Jak 1:14-15 AOV** *Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.*

God sê egter dat as die mens sy sonde bely, hy vergewe sal word en die invloed van die duiwel verbreek sal word:

**1Jo 1: 9 AOV** *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*

## Nou kom ons weer by die vraag, kan 'n wedergebore mens sy redding verloor deur sonde?

1 Joh 1:8 sê die mens is nie sondeloos na weergeboorte nie, sy siel en liggaam neig steeds na sonde, maar hy sal sy redding behou. Voorbeelde uit die Skrif in:

- **1Ko 5:3-5 AOV** *..... om hom wat so iets gedoen het, in die Naam van onse Here Jesus Christus, as julle vergader het en my gees saam met die krag van onse Here Jesus Christus—* ***om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus****.*

  Hier gaan dit oor 'n man wat saam met sy stiefma as man en vrou saamgeleef het en uit die gemeente verban moes word daaroor, om nie die gemeente te beïnvloed nie. Die belangrike deel is verder dat sy liggaam liewer moet opgeoffer word, sodat sy gees gered sal wees. Hierdie man se sonde was nie genoeg om sy redding te verloor nie.

- **1Ko 3:10-15 AOV** *Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels— elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly;* ***alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen****.*

  Hier word verduidelik dat alles wat die mens doen na weergeboorte gaan hy

voor Christus verantwoording moet doen, en gaan hy daar volgens beloon word. Al was sy optrede baie sleg sal hy steeds gered wees.

Met weergeboorte kom die Heilige Gees in die mens woon en lei hom deur sy gewete. Dit hang van die mens af of hy na sy gewete luister. Indien hy onveranderd voortgaan soos voor sy weergeboorte, kan daar 'n vraagteken wees of hy werklik gered is.

Dit is egter moontlik om God doelbewus te verwerp nadat 'n mens weergebore is, en sodoende redding te verloor:

**Heb 6:4-6 AOV** *Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.*

In hierdie uiterste geval is die mens verlore en kan nie weer tot bekering kom nie.

## Om op te som:

- God het elkeen lief en vergewe almal se sonde (**2 Kor. 5:18-19**), maar elke persoon moet uit vrye wil besluit om God se genade te aanvaar.
- Elkeen moet self besluit of hy 'n verhouding met Jesus gaan bou of bloot "voortploeter" met sy ou lewe (**Rom. 12:2**).
- 'n Mens verloor nie sommer net sy redding as hy foute maak nie; Jesus doen vir ons voorspraak (**1 Joh. 2:1**) en ons weergebore gees is sonder sonde (**1 Joh. 3:9**).
- Wanneer 'n mens nie die sonde gaan teenstaan nie en teenoor God bely nie (**1 Joh 1:9**), gaan die sonde hom verhard, wat kan lei na 'n harde en moeilike lewe hier op die aarde (**Rom 6:16**) en selfs tot 'n vlak waar die mens self besluit om God te verwerp (**Heb 6:4-6**).
- Solank die mens se gewete hom aanval is hy gered, want dit is God wat hom deur die Heilige Gees waarsku (**1 Joh 3:19-22 & 1 Tim 1:18-19**), maar wanneer hy God verwerp, sal daar nie meer 'n gewete wees wat hom waarsku nie (**Tit 1:15**).
- Dit kom daarop neer: die mens moet self besluit om redding te aanvaar, en moet ook self die uiterste besluit neem om van hierdie redding afstand te doen deur God doelbewus te verwerp.

**Kopiereg © PA Ministries 2026**.

Hierdie publikasie mag nie in sy geheel of gedeeltelik gereproduseer, gewysig, gestoor of versprei word in enige vorm of op enige manier nie—hetsy elektronies, meganies of andersins, insluitend fotokopiëring, opname—sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die skrywer, Petrus van der

Merwe. Dit mag in PDF-formaat op u rekenaar gestoor word, maar nie op aanlyn stoorplatforms soos, maar nie beperk nie tot, OneDrive, iCloud, ens. nie. Dit mag nie deur middel van e-pos of data-oordragte met vriende, familie of derde partye gedeel word nie. Indien hulle 'n kopie van hierdie dokument wil bekom, kan dit bekom word deur Petrus van der Merwe te kontak by die e-posadres: petrus@paministries.co.za of af te laai van ons webblad https://paministries.co.za/ indien die aflaai-skakel beskikbaar is.

Hierdie publikasie mag gedruk word soos nodig, maar slegs vir persoonlike gebruik binne een huishouding.

Indien u hierdie studie vir 'n klaskamer of groep wil gebruik, kontak asseblief vir Petrus van der Merwe by die e-posadres: petrus@paministries.co.za